ONDER DIE VERE

ONDERWERP

Kaapse Berglyster, Voël van die Jaar 2021.

DOEL

Om meer oor die Kaapse Berglyster te ontdek: hulle lewensgeskiedenis, biologie en bewaring.

LESDOELWITTE

- Leer hoe om ’n Kaapse Berglyster uit te ken.
- Leer van hulle gedrag en hoe hulle broei.
- Verstaan hoekom hulle bedreig is en hoe ons kan help om die spesie te bewaar.

HULPMIDDELS

- Feiteblad 1 (Biologie)
- Inkleurgoed (potlode, kleurpotlode of verf, uitveër, potloodskerpmaker)
- Skoon papier
- Rekenaar / projektor om foto’s te wys / drukker
- Foto 1, 2 en 3 (skakels en prente word aan die einde van hierdie dokument voorsien)
- Vraeblad 1 (1 per leerder) (Appendiks A in hierdie lesplan)
- Antwoordblad 1 (Appendiks B in hierdie lesplan)

INLEIDING

Die Kaapse Berglyster is ‘n medium-grootte sangvoël, wat endemies is aan die fynbosbioom in Suid-Afrika. Soos hulle Engelse naam (*Cape Rockjumper*) aandui, vlieg hulle selde, maar hardloop en wip eerder. Hulle is monogame en koöperatiewe broeiers wat in groepe van 2-5 individue leef, met uitsluitlike territoriums. Hulle eet hoofsaaklik insekte, maar soms ook klein werweldiere. Hulle is deur die Internasionale Unie vir die Bewaring van die Natuur en Natuurlike Hulpbronne (*IUCN*) as ‘Amper-bedreig’ geklassifiseer, omdat hulle getalle afneem. ’n Aantal bedreigings, soos habitatverlies en klimaatsverandering, is hiervoor verantwoordelik.

SLEUTELWOORDE	
ENDEMIES	Plant of dier wat inheems is aan ’n sekere plek en uitsluitlik daar voorkom.
SANGVOËL	Die familie van voëls waarvan 3 tone vorentoe wys en een toon agteruit; in Engels as *passerines* bekend.
MONOGAAM	’n Broeipaar met een mannetjie en een wyfie; teenoor ’n mannetjie met verskeie wyfies, of ’n wyfie met verskeie mannetjies.
KOÖPERATIEWE BROEI	Die broeipaar het helpers – nie-broeiende individue wat help om die kuikens groot te maak en die territorium te verdedig.

LESPLAN (Ongeveer 60 minute)

Aktiwiteit	Beskrywing	Verwagte tyd (minute)
1. Lesinleiding	Stel die Kaapse Berglyster as Voël van die Jaar voor, en meld hulle bewaringstatus (‘Amper-bedreig’)	5
	Vra leerders om hand op te steek as hulle dit al gesien het. Indien wel, vra waar. Verduidelik dat hulle endemies is en waar hulle te vinde is (fynbosbioom).	5
2. Tekenuitdaging	Deel skoon papier uit. Vra leerders om te dink hoe die voël lyk, na aanleiding van jou beskrywing, en dit te teken – hulle moet fokus op die unieke uitkenmerke.	15
	Voorbeeld: – Medium-grootte sangvoël. – Snawel aangepas om insekte te vang. – Grys en swart kop met wit snorstreep. – Swart vlerke en stert, met wit punte. – Bene aangepas om te hardloop en wip. – Kastaiingkleurige pens. – Rooi oog.	
	Wys Foto 1 van die Kaapse Berglyster en laat die leerders dit met hulle eie prente vergelyk.	
	Wys Foto 2 (die wyfie) en Foto 3 (’n jong voël) en verduidelik hoe hulle verskil.	
3. Werkblaaie	Laat die leerders die spesie se feiteblaaie lees en daarna die vrae beantwoord.	25
4. Evaluasie	Lees die antwoordblad hardop en laat die leerders mekaar se antwoorde merk, en die regte antwoorde inskryf indien nodig.	10
	Vra elke leerder wat hulle gunsteling ding van die Kaapse Berglyster is.	

VOËL VAN DIE JAAR 2021 – KAAPSE BERGLYSTER

1. Waar kom Kaapse Berglysters voor en hoekom maak dit hulle uniek? (3 punte)

_____
_____
_____

2. Beskryf hoe jy ’n Kaapse Berglyster sal uitken, en hoe jy ’n mannetjie, wyfie of jong voël van mekaar sal onderskei. (4 punte)

_____
_____
_____
_____

3. Verduidelik die sosiale struktuur van ’n groep Kaapse Berglysters. (3 punte)

_____
_____
_____
_____

4. Wat is sommige van die voordele van koöperatiewe broeigedrag? (2 punte)

_____
_____
_____
_____
_____

5. Waar maak Kaapse Berglysters hulle neste en hoekom maak dit hulle kwesbaar teen predasie deur slange? (2 punte)

_____
_____
_____

6. Kaapse Berglysters het uitsluitlike gebiede (of territoriums). Hulle verdedig hierdie gebiede meer intens in die broeiseisoen; hoekom sou dit wees? (1 punt)

_____
_____

7. Kaapse Berglysters lê meer as een eier. Stel een voor- en een nadeel van so ’n strategie voor. (2 punte)

_____
_____
_____
_____
_____

8. Waaruit bestaan die dieet van ’n Kaapse Berglyster? (1 punt)

_____
_____

9. Wat is kenmerkend aan die manier waarop ’n Kaapse Berglyster beweeg? Hoe is hulle hiervoor aangepas? (2 punte)

_____
_____
_____

/20 punte

ANTWOORDBLAD

VOËL VAN DIE JAAR 2021 – KAAPSE BERGLYSTER

1. Waar kom Kaapse Berglysters voor en hoekom maak dit hulle uniek? (3 punte)

- Wes-Kaap en Oos-Kaap van Suid-Afrika.
- Fynbosomgewing.
- Hulle is endemies en kom slegs hier voor.

2. Beskryf hoe jy 'n Kaapse Berglyster sal uitken, en hoe jy 'n mannetjie, wyfie of jong voël van mekaar sal onderskei. (4 punte)

- Grys en swart kop; wit snorstreep en wenkbrou; vlerke en stert swart met wit punte; kastaiing (rooibruin) kruis en bors; bene swart; volwassene het rooi oë.
- Wyfies is dowwer van kleur en het 'n gestreepte bors.
- Jong voëls is ook dowwer van kleur, met donker oë.

3. Verduidelik die sosiale struktuur van 'n groep Kaapse Berglysters. (3 punte)

- Groepe van 2-5.
- Een broeipaar.
- Vorige jaar se nasate.

4. Wat is sommige van die voordele van koöperatiewe broeigedrag? (2 punte)

- Beter beskerming van die neste / meer kuikens oorleef.
- Gemeenskaplike benutting van hulpbronne.
- Minder tyd / energie per volwassene word spandeer om die kuikens groot te kry.

5. Waar maak Kaapse Berglysters hulle neste en hoekom maak dit hulle kwesbaar teen predasie deur slange? (2 punte)

- Kaapse Berglysters maak hulle neste op die grond, wat dit vir slange makliker om die neste te vind.

6. Kaapse Berglysters het uitsluitlike gebiede (of territoriums). Hulle verdedig hierdie gebiede meer intens in die broeiseisoen; hoekom sou dit wees? (1 punt)

- Om die kuikens en eiers te beskerm / verdedig.

7. Kaapse Berglysters lê meer as een eier. Stel een voor- en een nadeel van so 'n strategie voor. (2 punte)

- VOORDELE: die kans vergroot dat 'n kuiken uit 'n broeisel sal opgroei; daar is meer nageslag om gene oor te dra; meer potensiële helpers om by die groep aan te sluit.
- NADELE: vereis meer hulpbronne om kuikens groot te kry; kompetisie vir hulpbronne.

8. Waaruit bestaan die dieet van 'n Kaapse Berglyster? (1 point)

- Insekte en, soms, klein werweldiere.

9. Wat is kenmerkend aan die manier waarop 'n Kaapse Berglyster beweeg? Hoe is hulle hiervoor aangepas? (2 punte)

- Berglysters vlieg selde; hulle hardloop en wip eerder. Hulle word gedra deur sterk bene. Hulle het ook 'n anisodaktiele toonorganisasie (drie tone vorentoe; een agtertoe) wat help met die greep aan die grond. Hulle het klein vlerke.

/ 20

Foto 1. Volwanne mannetjie Kaapse Berglyster

Foto 2. Volwanne wyfie Kaapse Berglyster

Foto 3. Onvolwasse Kaapse Berglyster

Foto’s geneem deur: Krista Oswald